higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N430**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

(20060116)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies ‘n woord/item uit KOLOM B wat by ‘n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Oriëntasie van jouself ten opsigte van die wêreld om jou	A	sterkaart
		B	smaakpersepsie
1.1.2	Die vermoë om dit wat die oog sien, te onthou en te herroep	C	middellyn
1.1.3	‘n Lyn wat by dieselfde punt begin en ophou	D	ruimtelike bewustheid
		E	terrarium
1.1.4	‘n Sigbare rekord van vooruitgang na toepaslike gedrag	F	visuele diskriminasie
1.1.5	Die denkbeeldige lyn wat die liggaam in twee simetriese helftes verdeel	G	olfaktoriese persepsie
		H	oriëntasie van tyd
1.1.6	Interpretasie van inligting wat deur die tong ontvang word	I	aquarium
		J	visuele geheue
1.1.7	Nie deursigtig of deurskynend nie	K	ondeurskynend (‘opaque’)
1.1.8	Hierdie strategie help ‘n kind om slegte gehumeudheid te hanteer	L	kleur
1.1.9	Kan as hulp gebruik word wanneer plante waargeneem word	M	eenvoudige geslote lyn
1.1.10	Die vermoë om tussen ooreenkomste en verskille te onderskei	N	emosionele regulering
		O	volgorde

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer..

1.2.1 Verandering van 'n kind se roetine kan tot gedragspatrone lei.

1.2.2 Versterking verwys na versterking van positiewe gedrag van 'n kind sodat dit weer na vore sal kom.

1.2.3 Dina Stachel, plaas in die Matal-program klem op kinders wat in klein groepies werk.

1.2.4 'n Pediater hanteer alle mediese probleme van 'n kind.

1.2.5 'n Goeie tegniek om met oorsensitiewe kinders te werk, is om hulle in groepwerk te betrek.

1.2.6 Die Matal-metode moedig onderlinge afhanklikheid van kinders aan.

1.2.7 'n Kind wat mondelinge verdediging ervaar, het nie 'n sin vir beweging en balans nie.

(10)

1.3 Verskillende opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Wanneer 'n kind gereed is om van sy ouers geskei te word, dui dit op …

A sosiale en emosionele ontwikkeling.
B sosiale en fisiese ontwikkeling.
C kognitiewe ontwikkeling.

1.3.2 As 'n kind babataal gebruik, is dit 'n aanduiding van …

A 'n verhoogde sosiale ontwikkeling.
B gebrek aan taalontwikkeling.
C gebrek aan fisiese ontwikkeling.

1.3.3 'n Toets vir skoolgereedheid word …

A deur 'n skoolonderwyseres uitgevoer.
B deur 'n skoolsielkundige/gekwalifiseerde persoon uitgevoer.
C deur 'n verpleegster by 'n kliniek uitgevoer.

1.3.4 'n Oefening wat oog-handkoördinasie verhoog, is ...

A die opskeur van 'n koerant in stroke.
B die skop van 'n bal.
C die speel van 'hopscotch'.

1.3.5 Hierdie aktiwiteit sal ‘n kind se liggaamspiersterkte verhoog:

A teken met nat sand, sout of rys.
B swaai van links na regs.
C spring van een voet na die ander.

1.3.6 Wanneer ‘n kind kan identifiseer dat die bande van ‘n motorkar soos ‘n sirkel lyk, word daarna verwys as…

A oog-handkoördinasie.
B oog-voetkoördinasie..
C vormherkenning.

1.3.7 Die Montessori-metode bemoedig kinders om aktiwiteite in ‘n voorbereide omgewing te voltooi, …

A aangesien dit opvoeders in staat stel om aktiewe leer te beoefen.
B omdat dit die klem op hulpverlening aan mekaar versterk.
C omdat dit kompetisiegees aanwakker.

1.3.8 Die Montessori-sensitiewe periodes plaas klem op …

A abstrakte konseptualisasie van die ouderdom 7 af opwaarts.
B konseptualisasie van die ouderdom 9 af.
C behoorlike leermetodes in die eerste 5 jaar.

1.3.9 Thobeka het ortopediese motoriese probleme van haar geboorte af ondervind. Sy is na ‘n … verwys.

A fisiotarapeut
B sielkundige
C psigiater

1.3.10 Anorexia verwys na die mediese toestand …

A wanneer kinders eet en na die ete vomeer.
B wanneer kinders vreemde voorwerpe eet.
C wanneer kinders net sekere goed eet.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bestudeer die volgende prente en dui die vaardigheid aan wat ontwikkel sal word deur elkeen hiervan. Skryf slegs EEN vaardigheid per prent.

1.4.1



Aktiwiteit: Staan op die tone

1.4.2



Aktiwiteit: Luister na stories op CD

1.4.3



Aktiwiteit: Slaan ‘n ballon

1.4.4



Aktiwiteit: Pas van vorms in ‘n vormbal

1.4.5



Aktiwiteit: Staan langs ‘n tafel

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die manier waarop kinders grootgemaak word, speel ‘n belangrike rol in hulle sukses.

Definieer die volgende ouerskaptegnieke:

2.1.1 Outoritêre ouer

2.1.2 Permissiewe ouer

2.1.3 Onbetrokke ouer

2.1.4 Gesaghebbende ouer

2.1.5 Demokratiese ouer

(5 × 2) (10)

2.2 Sielkundiges glo dat dissipline gedurende die vroeë kinderjare noodsaaklik is.

Noem en verduidelik VYF redes waarom kinders dissipline nodig het. (5 × 2) (10)

2.3 Die Wet op Kindersorg in Suid-Afrika beskerm kinders teen enige vorm van mishandeling.

2.3.1 Identifiseer VYF negatiewe effekte van lyfstraf op ‘n kind.

2.3.2 Noem VYF alternatiewe metodes in plaas van lyfstraf.

(2 × 5) (10)

2.4 Jaloersheid is ‘n emosie wat stadig in ‘n kind se lewe kan inkruip.

2.4.1 Identifiseer VYF oorsake van jaloersheid.

2.4.2 Noem VYF strategieë wat ouers en opvoeders kan gebruik om jaloersheid te hanteer.

(2 × 5) (10)

2.5 Definieer die volgende terme:

2.5.1 Morele gedrag

2.5.2 Tydonderbreking (‘Time-out’)

2.5.3 Helikopterouer

2.5.4 Masturbasie

2.5.5 Psigiater

(5 × 2) (10)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Professor Dina Stachel het die Matal-metode vir die vroeë wetenskaponderrigprogram ontwikkel. Sy was ‘n gesiene onderwyskundige wat haar loopbaan as ‘n primêre skool onderwyseres begin het en ‘n substansiële bydrae tot die veld van vroeë kinderontwikkeling gemaak het. Sy het haar doktoraal in die navorsing en implementering van die Matal-onderwysmetode in 1978 verwerf.

Noem VIER eienskappe van die Matal-onderwysmetode. (4 × 1) (4)

3.2 Hoofstuk 2 van die Matal-model het te doen met waarneming van eienskappe van voorwerpe.

3.2.1 Noem VYF eienskappe wat gebruik word om voorwerpe te beskryf.

3.2.2 Verduidelik hoe elke eienskap sal help om ‘n voorwerp te beskryf. (2 × 5) (10)

3.3 Beskryf die waarde van uitstappies volgens die Matal-program. (5 × 1) (5)

3.4 Noem VYF aktiwiteite om kinders te help om die wêreld rondom hulle waar te neem soos in die Matal-onderwysmetode uiteengesit. (5 × 2) (10)

3.5 Noem die VYF sleutelbeginsels van die Montessori-filosofie. (5 × 1) (5)

3.6 Noem DRIE eienskappe waarvolgens die Montessori-onderwyser van die tradisionele onderwyser verskil. (3 × 2) (6)

3.7 Wie bestuur die ‘ELRU’ ? (2)

3.8 Noem TWEE voorbeelde van ontwikkelings wat in die multimediaveld deur die ‘ELRU’ gemaak is. (2 × 2) (4)

3.9 Identifiseer VIER dienste wat deur ‘Grassroots’ aangebied word. (4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 'Skoolrypheid is wanneer die kind ‘n vlak van rypheid waar hulle vir formele onderwys gereed is, bereik het of nie bereik het nie,.’

Noem SES eienskappe van skoolrypheid. (6 × 2) (12)

4.2 Identifiseer VYF aanduiders wat toon dat ‘n kind NIE vir skoolonderrig gereed is nie. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.3 Noem TWEE vaardighede vir elk van die volgende:

4.3.1 Sosiale ontwikkeling

4.3.2 Matematiese konsepte

4.3.3 Perseptuele en motoriese ontwikkeling

(3 × 2) (6)

4.4 Gehoorpersepsie verwys na die brein se vermoeë om klanke te interpreteer en ‘n duidelike impressie daarvan te hê..

Stel SES aktiwiteite of speletjies voor wat ‘n kind se ouditiewe persepsie kan ontwikkel. (6 × 2) (12)

4.5 Vergelyk in tabelvorm die verskille tussen skoolgereedheid en skoolrypheid.

Noem VYF punte vir elkeen. (5 × 2) (10)

4.6 Identifiseer VYF aktiwiteite waaraan ‘n voorskoolse kind kan deelneem om sy aktiewe taalontwikkeling te verhoog. (5 × 1) (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou